# KULTURELE VOORONDERSTELLINGS: DIE DEBAT EUROSENTRISME VERSUS AFROSENTRISME

F.I.J. VAN RENSBURG
Departement Afrikaans
Randse Afrikaanse Universiteit
Johannesburg

Die huidige polemiek oor eurosentrisme en afrosentrisme is nie iets nuuts in Suid-Afrika nie. Vyf-en-veertig jaar gelede is daar in die Afrikaanse dagblad *Die Burger* en die algemeen-kulturele tydskrif *Standpunte* 'n kort maar hoogs insiggewende polemiek oor hierdie selfde onderwerp gevoer, alleen met 'n ander invalshoek.

Die vonk is verskaf deur 'n uitlating op die gebied van die beeldende kunste deur die skilder J.H. Pierneef, maar dit het spoedig ook ander kunste betrek, meer in die besonder die letterkunde. Eintlik was dié uitlating net maar die kulminasie van 'n lang proses oor baie jare waartydens sporadiese pleidooie op 'n verskeidenheid van kunsterreine gelewer is vir 'n 'eie Suid-Afrikaanse kuns', en meer in die besonder 'n 'eie Afrikaanse kunsstyl'. Pierneef se uitlating het alleen maar die geleentheid gebied om die gedagte van 'n eie nasionale styl 'n slag deeglik aan die tand te voel.

In 'n onderhoud met *Die Burger* (9 Januarie 1947) het Pierneef die mening gelug dat die jong skilders "hul Europese bril moet afhaal" en 'n eie, Suid-Afrikaanse skilderstyl moet kweek. As sy eie bydrae tot so 'n nasionale styl noem hy dat hy in sy werk die vereenvoudigde siening en kleurgebruik van die Boesmans toegepas het.

'n Paar dae later (11 Januarie 1947) ondersteun die koerant die gedagte in 'n hoofartikel onder die opskrif "Eie styl in ons kuns". Die artikel gaan nader in op enkele aspekte van so 'n styl. Tegniese vaardigheid kan met goeie gevolg in Europa aangeleer word, meen die blad, "maar 'n Suid-Afrikaanse styl kan net in Suid-Afrika ontwikkel". Die slotsom waartoe die artikel kom, word soos volg geformuleer: "Uit die *pot pourri* van ons eie volksomstandighede, uit die verskeidenheid van ons volksgroepe, uit die titaniese wat skilders soos Pierneef in ons landsaard sien, uit die *lewe* hier in Suid-Afrika behoort 'n eie styl in ons kuns te ontwikkel, 'n styl waarvan grootsheid, eenvoud en direktheid vername kenmerke sal moet wees".

Op dieselfde dag reageer N.P. van Wyk Louw op die artikel met 'n aantal kritiese aantekeninge wat 'n paar maande later in *Standpunte* (Jaargang 2(2), April 1947) onder die opskrif "Rembrandt of tulpe? Gedagtes oor 'n 'eie Afrikaanse styl'" verskyn het. Die konsep van 'n nasionale styl is volgens hom 'n *mark*-konsep. "Dit moet met die uitvoer van ons geestesprodukte iets wees soos met die uitvoer van ons wyn, kreef en vrugte; hulle moet duidelik die merk 'Produk van die Unie van Suid-Afrika' dra en onder dié merk waardeer word. Dit moet ons bydrae tot die wêreldkultuur wees, ons nasionale kuns" (1947: 64). Hy tipeer dit as "toeristekuns". Aan Pierneef sou hy die vraag wou stel: "Waarom moet ons die Suid-Afrikaanse landskap met die eenvoud en die kleurgevoel van (juis) die *Boesman* uitbeeld? Waarom sou die Boesman nader aan die 'ware' Suid-Afrika staan as 'n moderne Afrikaner?" (1947: 67). Skalks wonder hy of Pierneef se "Boesman-oog" wel dié van die Boesman is en nie dié van Van Konijnenburg nie. Teenoor die eis dat 'n nasionale kuns op een van die dinge wat "eie" aan die land is – die lewe van ons swartmense, ons droogtes, ons wye vlaktes –, gebaseer moet wees, stel hy die vraag: "Is ons verstand en ons hart (dan) nie eie daaraan nie?" (1947: 68). 'n Skrywer wat vol in die Suid-Afrikaanse lewe staan, "móét wel van hierdie motiewe in sy kuns gewaar ... agterná" (1947: 68). Geen ware kunstenaar sal gaan sit en hulle 'aanwend' omdat hulle daar 'behoort' te wees nie. Wat die kenmerke van 'n nasionale kuns is, sal in werklikheid eers "na baie eeue waarin baie moontlikhede hul kans gekry het, vasgestel [kan] word" (1947: 68). Kuns kan in elk geval nooit vooraf teoreties in kafees of kroeë, voorkamers, kollegesale of redaksiekantore gemaak word nie.

Daarom sluit Van Wyk Louw met dié raad aan die kunstenaar af: "laat [hy] hom nie bewus *afsluit* van enigiets in sy land, sy wêreld, sy tyd nie; laat hy hom sonder baie teorie oophou ('oopstél' is ook al weer te bewus) vir so veel van die rykheid van die wêreld as wat na sy kant toe wil kom; laat hom as mens staan teenoor sy tyd, d.w.s. waarderend en afkeurend volgens die suiwerste insig wat vir hom bereikbaar is ... en verder moet hy die saak maar laat. Hy sal dan so 'modern', so nasionaal wees as wat vir sy besondere aanleg in wisselwerking met die wêreld moontlik is" (1947: 68-9).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Wat Van Wyk Louw basies met hierdie reaksie op die idee van 'n nasionale styl wou doen, was om by die (bewus- of onbewus-) versweë vooronderstellings van standpunte uit te kom en hulle vir redelike diskussie bloot te lê.

'n Artikel deur me. Marilyn Martin, direkteur van die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum in die Afrikaanse dagblad *Beeld* van 14 Mei 1991 onder die opskrif "Kultuur 'n vredemaker en toekomsbouer", met as subtitel "Eurosentrisme egter 'n groot struikelblok", het skrywer hiervan ten tyde van die verskyning daarvan getref as 'n dokument wat dieselfde noukeurige ondersoek as Pierneef se uitlating regverdig. Dit het indertyd nie die toegespitste aandag ontvang wat dit verdien nie, waar dit so 'n duidelike manifeskarakter gehad het en afkomstig was van iemand in so 'n invloedryke posisie. Die redaksionele versoek om 'n bydrae tot hierdie debat oor eurosentrisme en afrosentrisme vanuit 'n letterkundige ervaringshoek te lewer, bied die geleentheid om, na die voorbeeld van Van Wyk Louw, na enkele basiese vooronderstellings van haar artikel te kyk. Daar word gekonsentreer op slegs drie aspekte: haar siening van die verhouding tussen kultuur en politiek; haar visie op die begrip 'nasionale kultuur'; en haar verhouding teenoor artistieke standaarde.

## DIE VERHOUDING TUSSEN KULTUUR EN POLITIEK

Me. Martin baseer haar pleidooi om 'n verruiming van die begrip kultuur op 'n politieke werklikheid. Volgens haar is "die bevolking van hierdie land" op verskillende maniere "ontken en ontneem": in ons opvoedkundige stelsel is daar vir hulle "geen toegang tot òf die kulturele tradisie van die Weste òf van Afrika nie"; terwyl "die pogings van die stemlose meerderheid tot kulturele uitdrukking afgebreek of aktief teëgewerk [word]". 'n Belangrike uitdaging vir die toekoms is "die ontwikkeling van 'n nuwe psigologie". Voorwaarde vir die totstandbrenging daarvan en van 'n ruimer kultuurbegrip is om "na die stem van die mense te luister".

Duidelik en uitgesproke soos hierdie siening van die politieke basis van die kulturele lewe van 'n gemeenskap is, is daar 'n eienaardige troebelheid in haar visie van hoe politiek en kultuur met mekaar in verband staan. Enersyds sê sy dat ons huidige kultuurbegrip "teenstrydig [is] met ideale van die toekoms". Met ander woorde 'n nuwe politieke toekoms sal 'n nuwe kultuurbegrip bepaal. Andersins sê sy dat kultuur "'n politieke vredemaker" is, dit moet help om "nasiebou en nasionale eenheid" tot stand te bring. Met ander woorde, kultuur gaan aan politiek vooraf en kan politieke prosesse bepaal. Uit 'n logistieke perspektief gesien staan die twee dinge lynreg teenoor mekaar. Sy gee blyke daarvan dat sy besef dat alles nie na behore voeg nie. Vandaar haar telkense pogings om deur kwalifikasies by stellings wat ooglopend onhoudbaar is, die skade aan veral die kultuurbegrip te beperk of te minimaliseer. Net een voorbeeld: "In 'n progressiewe Suid-Afrika *grens* kultuur aan politieke aktiwiteite *in die breëre sin*" (eie kursivering). Die kwalifikasies slaag egter nie daarin om die onversoenlikhede op te hef nie.

## DIE BEGRIP 'NASIONALE KULTUUR'

Vir haar siening van 'n nasionale kultuur sou 'n mens haar gewoon na Van Wyk Louw se *Standpunte*-stuk kon verwys. Die probleme in verband met die saak is daarin duidelik uiteengesit. Daar is egter een aspek wat verdere aandag vra omdat dit destyds nie genoegsaam onder die loep geneem is nie. Dis die aandrang op *eenheid* in 'n nasionale kultuur. 'n Mens vra jou in die aangesig van haar pleidooi om kultuureenheid af: Waarom móét daar eenheid in 'n land se kulturele aktiwiteite wees? Waarom kan elkeen nie "sy eie ding doen" nie? Artistieke eenheid is per slot van rekening 'n groter gevaar vir kreatiwiteit as diversiteit. Eenheid is geneig om tot eendersheid te lei, en eendersheid is die dood van die skeppende impuls.

Wanneer sy wel erkenning aan kulturele diversiteit gee, is dit in naam van eenheid. Wat naamlik volgens haar vir die kulturele toekoms van die land nodig is, is iets tweeledigs; enersyds dat die eurosentriese arrogansie van Westers-georiënteerde mense afgebreek moet word, en andersyds dat 'n besef moet posvat van wat in Afrika-verband gepresteer is en word. 'n Ekwilibrium van waardering moet tot standgebring word.

Dit spreek vanself dat ook die konsep 'nasionale kultuur' in haar denkraamwerk 'n politieke basis het. Dit blyk veral uit 'n stelling soos die volgende: "In ons strewe na 'n nasionale kultuur, wat die proses van nasiebou en nasionale eenheid bevat, gaan dit uiters belangrik wees om verskillende en strydende kulturele oogpunte en aspirasies te huisves en te versoen ... Saam sal Suid-Afrikaners die nalatenskap van apartheid, en die stryd daarteen, moet oorwin". Die woord "bevat" in die eerste sin laat die politieke basis duidelik sien. Dit beteken nie 'inhou' nie; dit bevat die betekenismoment van 'behels', en so van 'dien'. Kultuur moet aangewend word om 'n nasie tot stand te bring. Sy eggo daarmee 'n gedagte wat veral in 'progressiewe kringe' vertroetel word, naamlik dat die primêre doel van alle kulturele aktiwiteite in die land nasiebou moet wees. Sy betrek by implikasie selfs die omstrede kwessie van die rol wat taal in hierdie proses van nasiebou behoort te speel: die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gedagte dat die land een enkele taal as verseniger moet kry. Dis 'n ope geheim dat dit in daardie kringe net een taal beteken: Engels. Die groot tale van die land, soos Afrikaans, Zulu en Xhosa, moet tot hul 'tuisgebiede' beperk word.

## ARTISTIEKE STANDAARDE

Die kwessie van evaluering roep van die ernstigste vrae op waartoe haar artikel aanleiding gee. Haar standpunt in verband met dié saak kulmineer in die volgende stelling: "Die idee dat Westerse musiek, dans en visuele kunsvorme beter is as dié wat in Derde Wêreldse gemeenskappe geskep word, moet ernstig bevraagteken word. Hulle mag anders wees, maar hulle is nie minderwaardig nie". Hier neem sy 'n eksplisiete evaluatatiewe posisie in, sonder egter om 'n aanduiding te gee van die norm of die kriteria waar kragtens sy die stelling maak. Op ander plekke in haar artikel word evaluering met "elitisme" in verband gebring. In 'die progressiewe kringe' van waaruit sy praat, is elitisme 'n skeldwoord. Dit staan met kulturele arrogansie in verband. Wie gee een mens die reg om oor 'n ander en sy werk te oordeel? Oordeel rus op subjektiewe vooroordeel, gewoonlik van 'n groeps- of klasse-aard. Daar bestaan hiervolgens nie so iets soos 'n objektiewe beoordelingsbasis nie.

'n Bietjie groter helderheid is nodig oor die kwessie van evaluering al dan nie. As daar nie so iets soos objektiewe norme en kriteria bestaan nie, sou, om maar 'n voorbeeld te noem, 'n direkteur van 'n kunsmuseum hom of haar op 'n baie gladde ys-oppervlakte bevind – sonder skaatse. So 'n direkteur se gedragslyn sou natuurlik kon wees: "Ek aanvaar elke kunspoging met dankbaarheid, hetsy vir uitstalling, hetsy vir aankoop. Dis net die hoeveelheid geld wat beskikbaar is wat sal bepaal hoeveel ek sal uitstal of aankoop". Sodra 'n mens egter 'n aangebode werk *weier*, moet jy besef dat jy een van twee dinge doen: jy handel vanuit volkome willekeur, of jy pas 'n norm van een of ander aard toe. 'n Mens wil aanvaar dat dit slegs 'n baie eiesinnige direkteur sal wees wat eersgenoemde gedragslyn sal inslaan ("*Ek* sê A sal aanvaar en B geweier word"); 'n redelike een sal by refleksie toegee dat laasgenoemde wel die geval is, en dat hy bereid sal moet wees om sy norm te eksplisiteer.

Aan die stelling in verband met die gelykwaardigheid van Westerse en Afrika-kuns kan dus hoogstens die status van 'n gebaar (van lojaliteit) toegeken word. Soos dit staan, hang die bewysbaarheid of die onbewysbaarheid daarvan volkome in die lug, en het dit nie sin om daaroor te argumenteer nie.

Dit laat egter 'n belangrike rede vir allerlei ontsporings in uitsprake wat met gehalte te doen het, sien. Dit is die blokgebruik van die konsep 'Afrika'. Soos uit die aangehaalde uitlating blyk, het 'afrosentrisme' veel weg van 'n blok-benediksie van alles wat uit die kontinent kom. Wat egter in dié soort uitlating oor die hoof gesien word, is die diversiteit van die kontinent. 'n Groot deel van Afrika is nie swart nie, maar, sal ons sê, olyfkleurig, en vir 'n gedeelte ('toevallig') ook wit. As oplossing vir hierdie 'dilemma' word dan gekom met die konsep 'Subsahara-Afrika'. Hier loop die konsep van 'Afrika' hom egter in sy lastigste dilemma vas. As dit vir 'n woestyn moontlik is om 'n streek se kulturele regio vir hom af te baken deur dit vir hom te definieer, waarom sou 'n rivier of 'n hoë bergreeks dit nie ook kon doen nie? Subsahara-Afrika is dan volgens dié maatstaf 'n kultureel diverse gebied. Ook Suid-Afrika. Wat bly dan van jou eis van kulturele eenheid oor? Die nugter feit van die saak is dat Afrika gewoon 'n stuk aarde is, wat as sodanig niks met kultuur te make het nie. Die idee van 'n kontinent as kulturele konsep is so ondeurdag soos weinig ander idees.

Die hoofwaarde van me. Martin se artikel is dat dit 'n prikkelende en daarmee waardevolle pleidooi is dat ons nuut oor die konsepte kultuur en kuns, en oor die kulturele en artistieke toekoms van Suid-Afrika moet begin besin. As gevolg van allerlei, onder meer feitlike wanvoorstellings, veral as gevolg van oordrywing – byvoorbeeld wat owerheidsondersteuning van kultuur en kuns betref, en 'n apodiktiese aanslag wat plek-plek herinneringe oproep aan die Kulturele Kommissaris van 'n voormalige imperium – is dit egter nie in staat om by antwoorde op die basiese vrae wat dit oproep, uit te kom nie.

## BIBLIOGRAFIE

Louw, N.P. van Wyk. 1947. Rembrandt of tulpe? Gedagtes oor 'n "eie Afrikaanse styl". *Standpunte*, Eerste reeks, 2(2): 64-69.

Martin, Marilyn. 1991. Kultuur 'n vredemaker en toekomsbouer. *Beeld-Kalender*. 14 Mei.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services